

27 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 30:1-6

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 7

Die afgeslotenheid van die Bybel

Professor Agur se *Curriculum Vitae* is nie indrukwekkend nie. Hy beskryf homself as verstandlose dier sonder wysheid of kennis (vers 2-3). Hy begin sy lesing met 'n klomp vrae waarop hy nie antwoorde het nie (vers 4). Is dit die moeite werd om verder na so iemand te luister?

Beslis! Agur het die geheim van ware wysheid ontdek. 'n Geheim waarvan die Griekse filosoof Sokrates 'n klein deeltjie raaksien as hy sê: "Die slimste mens is hy wat weet dat hy niks weet nie." Party mense leef 'n hele lewe voordat hulle ontdek dat hulle niks weet nie. Ander leef 'n hele lewe en ontdek dit nooit nie. Beterweterig gaan hulle die graf in. Selfs dié wat hulle onkunde ontdek sit met hulle hande in die hare: "Waar kry ons ware wysheid?"

Gelukkig kom Agur verder as Sokrates. Hy vind wysheid in die gelouterde (betroubare) Woord van God (vers 5 – OAV). Hierdie Woord van God is vir Agur soos 'n skild, 'n troos en beskerming teen sy eie gevaarlike onkunde. Eie woorde kan nooit die beskerming gee wat God se Woord bied nie. Wie die skild van God se Woord met sy of haar eie woorde probeer uitbrei se leuen word ontmasker en kom vroeër of later bedroë en bestraf daarvan af (vers 6).

Kry vandag soos Agur (en Nebukadnesar in Daniël 4) 'n glashelder, eerlike insig in jou ou natuur se redelose, dierlike dwaasheid. Alleen só sal jy verstaan hoekom die belydenis van die afgeslotenheid van God se Woord vir gelowiges so kosbaar en kritiek belangrik is!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~